## BOEKBESPREKING.

PROF. DR. B. J. DE KLERK, *Die Roomse Gevaar*, met 'n Voorwoord van Ds. T. F. J. Dreyer.

Hierdie brosjure van byna honderd bladsye is opgestel deur Dr. de Klerk namens die kommissie wat daarvoor benoem was deur die Interkerklike Kommissie.

Dis goed dat die Protestantse kongres van ongeveer twee jaar gelede in Pretoria deur hierdie voorligtende brosjure opgevolg is. Hier is in 'n kort en saaklike vorm allerlei gegewens beskikbaar gestel vir ons protestantse kerklike publiek, wat meer op die hoogte behoort te wees met die gevare wat van die kant van Rome dreig.

In die eerste hoofstuk gee die skrywer 'n kort en duidelike skets van die ontwikkeling van die Roomse Kerk van die ontstaan van die Christelike Kerk tot vandag, waarin gewys word hoe die Roome Kerk van trap tot trap weg ontwikkel het van die geopenbaarde Woord van God in die Bybel en dit onder die invloed van die heidense filosofie. In die 2de en 3de hoofstukke word die Roomse kerkleer en die Roomse opvattings van die maatskaplike lewe respektiewelik uiteengesit, terwyl die laaste hoofstuk 'n kritiese beskouing van die Roomse leerstellings gee.

Die skrywer het wel gewys op wat Rome in Suid-Afrika ook besig is om te doen en waartoe hy in staat gestel word deur skynbaar onbeperkte ekonomiese bronne uit die ontredderde en tot 'n groot mate verarmde Europe. Dis baie opvallend dat die Roomse Kerk sy tuislande kerklik en godsdienstig verwaasloos om sy kragte te kan wy aan die bestryding van die Protestantisme veral in lande waar die Evangelie aan heidene nog gebring moet word. Rome is meer bekommerd om Protestantse Evangeliesasiewerk ongedaan te maak as om die Evangelie self te verkondig. Die oog wat duister is skep meer behae in die duisternis as in die Lig.

Ons voel egter dat die Roomse gevaar vir Suid-Afrika meer beklemtoon moes gewees het. Waar die verval, wat in Rome vir meer as 1300 jaar aan die gang is, niks anders is nie as 'n terugval na die heidendom, waaruit die Christene hulle oorspronklik losgeskeur het, daar beteken dit ook, dat Rome in Suid-Afrika geen hulp kan en sal gee nie in die beskawing en kerstening van die heidense massas rondom ons. Tot sover het Rome t.o.v. al die rasseprobleme van ons land nog geen bydrae tot oplossing gelewer nie, maar baie daartoe bygedra om sake te vertroebel. Rome is kragtens sy middeleeuse ontwikkeling veels te veel 'n koninkryk „van hierdie wêreld" en daarom veels te veel 'n staat binne in 'n staat en moet hy noodgedwonge 'n ander trou verkondig as die teenoor die regering van die land van sy inwoning. Die

baie Roomse skole bv. is sentra waar die liberalistiese gelykstellings-integrasie t.o.v. die rasseprobleme geleer en gepropageer word. En elke regering van ons land wat soek na 'n oplossing van ons baie rasseprobleme, sal met hierdie feit rekening moet hou. Die verset teen die sogenaamde „diskriminasie" van die blankes teenoor die nie-blankes kan ook tot die Roomse liberalistiese onderwys-beleid onder die gekleurde rasse teruggevoer word.

Die lees van die brosjure word in elk geval sterk aanbeveel by alle Protestante. Dit sal die moeite beloon vir elke predikant om die lees van die brosjure sterk aan te beveel by sy lidmate by geleentheid van die preekdienste sowel as by die huisbesoek.

H. P. WOLMARANS.

PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT: *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg* (*Zoutpansberg*) 1852-1952. (Uitgegee deur die Kerkraad).

Hierdie werkie van Prof. Engelbrecht gee 'n deel van die geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk waaraan reeds lankal 'n behoefte gevoel is. Hoewel die skrywer in sy groot „Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika" die kern van hierdie werkie gee, was hierdie meer gedetailleerde uiteensetting tog noodsaaklik.

Die werkie (114 bladsye) is uitgegee deur die kerkraad van die Ned. Herv. Gemeente Pietersburg met die viering van die gemeente se eeufees. Ten spyte hiervan is die boek geheel en al die werk van Prof. Engelbrecht en dra onmiskenbaar sy stempel.

Hoewel die werk 'n *kerk*geskiedenis is, kom sydelings ook die algemene landsgeskiedenis van Transvaal ook te berde, wat natuurlik vanselfsprekend is, omdat die kerkgeskiedenis nie van die landsgeskiedenis losgemaak kan word nie. Maar dit is in hierdie verband wat ons bv. 'n polemiek teen dr. F. A. van Jaarsveld se „Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners" Deel I (1951) kan aanvoel, hoewel lg. werk nie by name genoem word nie. Hierdie aanduidings beloof nog verdere reaksies van Prof. Engelbrecht in hierdie rigting.

Hoewel 'n menigte gegewens verstrek word en die geskiedenis van hierdie tydvak en bepaalde gebied so volledig moontlik behandel word, kan ons met reg sê dat die kerkgeskiedenis van Zoutpansberg in hoofsaak die geskiedenis van twee persone is: Ds. N. J. van Warmelo en sendeling Hofmeyer. Die geskiedenis van e.g. is die heldegeskiedenis van 'n evangeliedienaar wat alles feil gehad het vir die werk en werkkring waartoe God hom geroep het. Hy is dan ook werklik die eerste grondlegger van die gemeente in Zoutpansberg en die man wat dit opgewerk het.

Die geskiedenis van Hofmeyer is die geskiedenis van die kerkvereniging en die redes waarom die kerkvereniging moes misluk. Elke

geskiedenis het periodes en episodes wat onverkwiklike leesstof vorm; hierop is die kerkgeskiedenis geen uitsondering nie. Maar die geskiedenis van sendeling Hofmeyer vorm seker een van die onverkwiklikste gedeeltes van die kerkgeskiedenis. Hierdie geskiedenis toon o.a. in watter mate die metodisme destyds in die Ned. Ger. Kerk ingedring het en watter skerp kontras daar tussen lg. kerk en die Ned. Herv. Kerk bestaan het, veral in soverre dit die praktyk betref. Ten spyte van alles wat in die boonste rakke van die twee kerke gedoen kon word om die kerkvereniging te bewerkstellig, was dit by voorbaat tot mislukking gedoem waar dit in die praktyk deurgevoer moes word. Nêrens word dit so duidelik as in die geskiedenis van Zoutpansberg nie. Iets wat ook onwillekeurig aan 'n mens duidelik word, is die mate waarin hierdie metodisme in die Ned. Ger. Kerk deur die loop van jare tot vandag toe verflou het om vir iets anders plek te maak.

Ons wil hierdie werkie van Prof. Engelbrecht ten sterkste aanbeveel. Die werkie is nie net vir historici van belang nie, maar ook vir elke predikant. Aan die lidmate van die Ned. Herv. Kerk wil ek die boekie in 'n besondere mate aanbeveel. Dit sal die baie vrae wat gestel word oor die verskille tussen die kerke en die redes vir die mislukking van die kerkvereniging beantwoord.

P. S. DREYER.

---

EDO OSTERLOH UND HANS ENGELLAND, Biblisch-Theologisches Handwörterbuch zur Lutherbibel und neueren Überzetzungen. 4te bis 6te Lieferung, Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen.

Met hierdie aflewering het die outeurs van die lei-letter G tot O gevorder. Die werk staan nou al op bls. 416. Dit voorspel dat die Handwörterbuch in sy geheel in die omgewing van 800 bladsye te staan sal kom. Soos reeds by die bespreking in hierdie tydskrif opgemerk is oor die eerste drie afleweringe, kan mens moeilik 'n totaalbeeld van die werk gee in die beoordeling. Die kwaliteit kan beste geoordeel word aan die bespreking van enkele van die artikels. Vir die doel kies ek uit die 4de aflewering die uiteensetting oor „Gütergemeinschaft" (Gemeenskap van goedere). Dit gaan hier om die optrede van lede van die vroegste gemeente van Jerusalem soos dit beskryf word in Hndl. 2:44f en 4:32 tot 5:11. In hierdie bondige oorsig word eintlik nie een van die noodsaaklike gesigspunte t.o.v. daardie historiese eksperiment oor die hoof gesien nie behalwe die feit dat dit 'n eksperiment was wat nie weer herhaal is in die nieutestamentiese tyd nie en dat die gemeente te Jerusalem, te oordele aan die noodsaaklikheid om in die heiden-christelike gemeentes vir hulle onderhoud te kollekteer, nog jare lank aan die gevolge van die mislukking van die eksperiment gely het

nie. Maar in korte en rake tekening word gewys op die armoede van die bevolking van Jerusalem as gevolg van die ligging van die stad. Dit was as landbou-gebied nie ryk nie en ook as handelssentrum kon dit nooit 'n betekenisvolle rol speel nie. Dit was een van die aanleidinge vir die inrigting van 'n sentrale kas vir die hulpbetoning aan behoeftiges. Verder, die verwagting van die spoedige wederkoms van die Here was 'n tweede rede vir die afname in die belangstelling van die gelowiges in geldelike verdienste. Die opsteller van hierdie artikel, WINTERMANN, laat egter 'n tydige en gepaste waarskuwing hoor teen die opvatting dat die wederkomsverwagting gelei het tot traagheid in die broodwinning. Die eintlike motief van die gemeenskap van die goedere was die christelike liefde, broederliefde en verder geloof. Derdens het die vrywillige gemeenskap van goedere ontstaan uit die geringskatting van die rykdom; die vroeë Christendom het, as gevolg van die prediking van Jesus, in die rykdom selfs 'n positiewe gevaar vir die mens gesien. Ook die misverstand as sou hierdie gemeenskap van goedere in Jerusalem 'n tipe van christelike Kommunisme gewees het, word afgewys met grondige argumente. Dit was geen klasse-uitwissing nie, dit was nie 'n nywerheids- of produksie-onderneming nie. Dit bevat in feite geen enkele van al die karaktereienskappe van die Kommunisme nie, veral nie die dwang van die Kommunisme nie. Dit was 'n vrywillige gemeenskap, voortvloeiende uit die christelike beoefening van die broederliefde.

Uit die vyfde aflewering kies ek vir bespreking die artikel oor „Jungfrau" (jonkvrou) en in aansluiting daarby sal ek bespreek die uiteensetting oor „Maria" in die sesde aflewering. Die auteur wys by die aanvang al op die onderskeid in waardering van die jonge dogter in die Ou Testament en in die Nuwe Testament. In eersgenoemde is die maagdom beskou enkel as voorstadium van die huwelik en die moederskap. Die Nuwe Testament daarteenoor laat nie langer die biologiese funksie van die vrou in die middelpunt staan nie, nie die geboorte nie maar die wedergeboorte wat vir alle mense geld. Veral Paulus se waardering van die maagdelikheid, meen die outeur, was van groot invloed op die nieutestamentiese beskouing. Maar ook I Kor. 7 moet nie verstaan word as 'n geringskatting van die huwelik deur Paulus nie. Weereens is die verwagting van die spoedige wederkoms van die Here die motief van Paulus se uitspraak. Ek mis egter in hierdie gedeelte 'n duidelike eksegetiese bespreking van I Kor. 7:25-28, wat so dikwels verkeerd verstaan word as sou hier sprake wees van 'n vader wat sy dogter in die huwelik wil gee; dit gaan nie daarom nie maar om die vroeë gebruik wat effens later uitgegroei het tot dié van die s.g. *virgines subintroductae* of „maagdelike huwelik".

Die latere hoogskatting van die maagdelike staat is gevolg van die hellenistiese dualisme wat die geskapene as die bose element gesien het. Dit is 'n trek, nie van die nieutestamentiese leer oor die maagdom nie, maar van die Rooms Katolisisme.

Vanselfsprekend dink mens by die beskouing oor die maagd en die maagdelikheid, aan die maagd Maria, en daarom haas ek my om „Maria" in die sesde aflewering na te slaan. Die wetenskaplike verantwoordheid van hierdie werk blyk ook al daaruit dat aan die begin van hierdie artikel daarop gewys word dat die algemene verklaring van Mirjam of Maria — die Griekse vorm — as „bitterheid" nie heeltemal vasstaan nie. Verder laat die opsteller van die artikel, HERMANN SCHMIDT, al gou volg dat daar in die Nuwe Testament geen Maria-biografie te vinde is nie. Trouens na Hndl. 1 : 14 word sy nooit weer genoem nie. Die Nuwe Testament het geen Maria-verering geken nie. Sober en bondig word wel verwys na die aanleidinge tot die opkoms van die Maria-verering in veel latere eeue. Ek meen nietemin dat die outeur eksegeties geen grond het vir sy verklaring dat Mt. 12 : 46-50 en parallelle 'n bewys is dat ook Maria die prediking en werksaamheid van Jesus verkeerd verstaan het nie.

Met hierdie opmerkinge meen ons 'n sketsmatige karakterisering van die werk te gegee het. Dit handhaaf dieselfde wetenskaplike peil van die eerste afleweringe sonder om „geleerd" te wil wees. Dit lees vlot en sal waardevol wees by die voorbereiding vir die prediking en die christelike onderwys in die algemeen.

A. S. G.